

# KOMMUNIKAMMA



**Teks vir die week: Job 42:4 Die Here sê - Luister terwyl Ek praat. Ek sal vra, antwoord jy my.**

## SAKE VIR GEBED:

- \* Dank die Heer, Jan Schnetler was in die hospitaal, maar is beter.
- \* Peet Viljoen is in die hospitaal.
- \* Suzette Hanekom moet gaan vir mediese behandeling.
- \* Willie Esterhuizen ontvang steeds behandeling. Ons dank die Heer vir die verbetering in sy toestand.
- \* Lynette Botha se gesondheid het verswak. Ons dra haar aan die Here op en bid vir sterkte vir haar man Hennie.
- \* Bid vir Laura Krause se dogter, Merinda, vir volkome genesing.
- \* Bid vir aktiwiteite vir die tweede helfte van die jaar
- \* Verbetering aan die kerkgebou.
- \* 7 Weke reeks wat voorlê.
- \* Huwelikskamp.
- \* Kersmark.
- \* Bid ernstig vir die anargie wat in die Kaap heers, vir al die moorde en geweld en ook vir bemoediging vir mense wat daagliks in vrees lewe.
- \* Bid vir ons Noordelike gebiede waar bendegeweld hoogty vier en mense daagliks vir hul lewe vrees.
- \* Noord-Kaap se boere kry baie swaar as gevolg van die droogte. Ons bid dat hulle moed sal hou en aanhou vashou aan die Here. Ons smee om reën vir daardie gebied.
- \* Die derde kwartaal wat voorlê.

## 7 WEKE REEKS VIR KLEINGROEPE: 22 Julie – 8 Sept

7 Weke is 'n geleentheid vir vriende, families en elkeen individueel om intensioneel rondom een tema voor die Here stil te word. Die tema hierdie jaar is "Met Ritmes vir die Lewe". Almal is welkom. Ons moedig jou aan om 'n paar mense bymekaar te kry en jouself te verbind vir 7 weke. Bid saam met ons. Boekies is beskikbaar teen R20-00 per boekie.

## NOODSPENS

**Ons gemeente se noodspens is dolleeg en daar is 'n groot behoefte aan nie-bederfbare produkte.**

# SONDAG 14 JULIE 2019

**08:30** Eietydse diens in saal

**09:45** Kategese

**10:00** Klassieke diens in saal

Die doop word bedien aan Louis en Carla Moolman se dogtertjie, Helen-Grace.

**Deurdankoffer vir Veritas Kollege Egipte**

**Teebeurt vandag:** Dahlia sel

**Teebeurt 21 Julie:** St Joseph sel

---

## MAANDAG 15 JULIE

**12:45** Gebedskild in gebedskamer

**19:00** ViA vergadering in gebedskamer

Alle vroue word uitgenooi om jul insette te lewer.

## VRYDAG 19 JULIE MANNEBYEENKOMS

**05:00** By Elandre Bosch, Lilylaan 68.

### Baie welkom aan die volgende lidmate wat by ons gemeente aangesluit het:

Mario en Vicky Weitz en dogter Doré, Asterlaan 11, Sunridgepark.

Pieter en Riëtte van Loggerenberg en kinders Jancke en Kristi, Irislaan 2, Sunridgepark.

Marius en Annél Germishuys en dogter Marné, St Augustines 23, Walmer Downs.

Louis en Karla Moolman en dogter Helen-Grace, Sapelestraat 3, Lovemorepark.

André en Amoret Basson, Sheldee Manor 28, Lorraine.

Neville en Bianca Noble en kinders Oelof en Emily, Lilylaan 44, Sunridgepark.

Pierre en Chantelle Horn en kinders Phoebe en Quin, Bucklandlaan 30, Fernglen.

## NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

[kuberkamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za)

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: [www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za).

## LOFDANSE

Het jy n passie vir dans? Ons wil graag met n Lofdans groep [Worship Dancing] begin. Enige iemand is welkom, jonk en oud. Jy hoef nie opleiding te hê nie, net 'n passie om die Here deur middel van dans te loof. Indien jy belangstel kontak Felicity Kapp 0825768305.

**Ons begin eerskomende Dinsdag om 10:30 in die kerksaal.**

**Manne ontbyt met Ian Wessels by Paterson se NG kerksaal 20 Julie om 9:00. "Kompos vir geluk en sukses" Koste: R100 per persoon.**

**NG KERK PATMOS BIED AAN: "Donkie" met Frank Opperman. Kontak Elizna (083 258 9860) of Leana (083 567 3133). Kaartjies R120 pp.**

**There4-Bedieninge** nooi ouers, grootouers, jeugwerkers – enigiemand met 'n hart vir kinders uit na die volgende geleentheid:

**"Raising agents of change"**

Saterdag 20 Julie 2019

Plek: Covenant Grace gemeente

Tyd: 08:30 – 12:30

Spreekers: Mike en Helen Burnard van INCONTEXT INTERNATIONAL

Kontak Adri om jou plek te bespreek:

[adri@wheco.co.za](mailto:adri@wheco.co.za) of 083 321 7460

Hierdie is 'n geleentheid om nie mis te loop nie!

### KONINKRYKSTYD

As kerk is ons tans in Koninkrykstyding. In Koninkrykstyding word ons daaraan herinner dat ons wortels diep in God geanker is. God maak ons optrede deel van die koms van die koninkryk. Met Koninkrykstyding dink ons oor die sigbaarheid van die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) in elke faset van die lewe. Ons word herinner aan ons roeping om die gawes wat ons tydens die feeste (Paasfees en Pinkster) gevier het, in die alledaagse lewe uit te leef. Deur ons optrede moet die koms van God se koninkryk sigbaar gemaak word deur ons betrokkenheid by die liggaamlike, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Koninkrykstyding herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons leef. Dit gaan oor hoe ons – deur wat ons doen – deelneem aan die koms van God se koninkryk. Ons maak God se liefde en ontferming op verskillende maniere teenoor verskillende mense sigbaar. God self sorg vir die uiteindelijke en finale koms daarvan met die koms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

### ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Die Kamp vir egpare vind plaas op 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei.

Kontrak Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings, kontak vir Sonja.

**Verblyf:** Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir 7 pare, asook vir 4 tente/karavane op die gronde teen

R85 per persoon per nag. Daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

**Kamp koste:** R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

### GLS 2019 van 18-19 Oktober

"World Vision" werk saam met "The Willow Creek Association" vir die "Global Leadership Summit", 'n gebeurtenis wat vars, aktiewe en inspirerende leierskapwenke bied by 'n adres wat vir jou gerieflik is. Dit is ontwerp vir enigiemand wat hulself wil opskerp en 'n sinvolle lewe wil lei. Almal, van 'n hoof tot 'n bly-by-huis ouer, sal hierby baat vind.

Wêreldklasseleiers word op grootskerm vertoon terwyl hulle hul getuieis deel en leierskapopleiding doen. Die GLS vind by Harvest Christian Church plaas. Die geleentheid kos R510-00 per persoon. Indien ons meer as 10 is, kos dit R480.00. Kontak asb voor Vrydag 26 Julie 2019 die kerkkantoor, indien jy die geleentheid wil bywoon. Die kerkraad sal mense, wat worstel om die bedrag bymekaar te kry, finansiële ondersteun.

### There4-Bedieninge

#### **Kreatiewe Kaartjiesmaak Werkwinkel**

Kom en geniet 'n oggend vol pret, waar ons saam kaartjies van bemoediging gaan maak vir boeties en sussies in Egipte.

Datum: **Dinsdag, 16 Julie 2019** vanaf 10:00 tot 12:00

Adres: Kraggakammaweg 57, Framesby

### KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting. Ons is ook opsoek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

### There4-Bedieninge reis na Egipte

Ons het weer jou hulp nodig. 12 Dames besoek in September Egipte om vrouens wat in vervolging lewe, te gaan bemoedig en na hul harte te luister:

Erica Keyser, Elizma Harmse, Heila vd Merwe, Janine Coetzee, Jean-Mari Oberhölzer en Nadia Lambrechts verteenwoordig ons gemeente op die reis.

**Ons benodig tans: 220 pare bedsokkies; 30 pare gebreide handskoenmoffies, 116 traumapoppies en 450 lapsakkies (17x25 cm met 'n toutjie wat kan toetrek)**

**Kontak Melissa by die There4-kantoor by 041-3601946 as julle enige navrae het.**



Gebruik SnapScan en betaal jou:  
Dankoffer  
Maandelikse Bydrae  
Donasie, ens..